Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

28 September 2025

09:30 Oggenderediens:
Ds. Piet Venter

BEDIENINGSDOELWIT VIR HIERDIE KWARTAAL:
GKPO WIL ELKE LIDMAAT AAN DIE WERK KRY.

Fil. 1:"29 God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly."

Ons het verlede Sondag in die prediking vanuit ons gekose teksvers na die tweede voorreg wat God aan ons geskenk het, beweeg nl.: "God het julle die voorreg gegee om Christus te dien …… **deur vir Hom te ly."** Ons het op die eerste aspek van lyding gefokus, nl. die lyding waaraan ek deur die "ou mens" in my onderwerp word in my stryd om 'n toegewyde volgeling van Christus te wees. Die tema was: Wat ag jy as die kosbaarste of belangrikste skat van jou hart? Is jy bereid om dit weg te gee?

Vandag fokus ons op die tweede aspek van lyding nl: die lyding waaraan ek deur die sondige wêreld onderwerp word omdat ek 'n toegewyde volgeling van Christus is.

Tema: Jou geloof in Christus is die rede vir jou lyding maar ook jou beskerming daarin - dis jou paspoort in 'n vyandige wêreld.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 478: 1, 2, 3; Ps. 46 - 1: 1, 3, 6

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb. 14 - 6: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 94 – 1: 1, 2, 3, 6; Geloofsbelydenis: 12 Artikels.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Fokus op die Vierde Gebod; HK Sondag 38; Sing Ps. 27 - 1: 2; Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Petrus 2: 11 - 12;
1 Petrus 3: 13 – 22 en
1 Petrus 4: 12 - 19.
Teks: 1 Petrus 2: 11 - 12
Sing Ps. 94 – 1: 7, 8, 9; (Kleuters na hulle bediening); Woordverkondiging; Sing na Woordverkondiging Ps. 94 - 1: 10, 11, 12.

Sakramentbediening
Berei voor vir Nagmaal uit HK Sondag 25, 28, 29 en 30; Gebed, Sing Ps. 23 - 1: 2, 3; Nagmaalbediening; Sing aan tafel:
Ps. 118 - 2: 1; Gebed

Ons antwoord op die Woordbediening
Liefdegawe; Sing Lied 525: 1, 2, 3; Seën; Amenlied: Sb 13-1.

KLEINGROEP BEDIENING

Soos gereël in groepe. Geen vaste tema vir eerskomende Sondag.
Ons kwartaaltema hervat volgende kwartaal.

GEBEDSRIGLYN

Barmhartige God en Vader,

In hierdie nagmaal herdenk ons die heerlike gebeurtenis van die bittere dood van u geliefde Seun, Jesus Christus. Ons bid U dat U deur u Heilige Gees 'n opregte vertroue in ons harte sal bewerk om ons al meer aan u Seun oor te gee, sodat ons belaste en verslae harte met sy liggaam en bloed, ja, met Hom, waaragtige God en mens, die enige hemelse brood, deur die krag van die Heilige Gees gevoed en verkwik word en ons nie meer in ons sondes lewe nie maar Hy in ons en ons in Hom. Laat ons só waarlik deel hê aan die nuwe en ewige testament en verbond van genade, sonder om te twyfel dat U ewig ons genadige Vader is wat ons ons sondes nooit toereken nie en ons as u geliefde kinders en erfgename na liggaam en siel met alle dinge versorg. Verleen ons ook u genade om getroos ons kruis op te neem, onsself te verloën, ons Heiland te bely en onder alle droefheid met verlange ons Here Jesus Christus uit die hemel te verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons tot in ewigheid by Hom sal neem.

Verhoor ons, o almagtige God en barmhartige Vader, deur Jesus, wat ons geleer het om so te bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

MEELEWING

- Douw Grobler vorder mooi en word sterker in die hospitaal. Hy kan moontlik hierdie naweek ontslaan word om in 'n versorgingsplek in Johannesburg te bly tot die 7de Okt. vir 'n tweede operasie aan sy hart.
- Chris Storm word Donderdagoggend in die Donald Gordon hospitaal in Johannesburg geopereer. Dit is 'n lang operasie, en daarna sal chemo behandeling in sy buik toegepas word om al die mikroskopiese selle dood te maak en om terugkeer van die kanker te verhoed wat daarna moeiliker sal wees om te behandel.
- Magdaleen Venter het 'n hartstilstand beleef en is in Lenmed Hospitaal (Wilmed) Klerksdorp opgeneem vir toetste en behandeling. Sy het ook brongitus opgedoen.

ONS BID DIE HERE OM GENESING EN UITKOMS VIR AL ONS LIDMATE WAT DEUR SIEKTE EN BEPROEWING GAAN.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET VOLGEHOUE SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianne Kruger, Mariana du Plessis en Emily Hefer.

BAIE GELUK

Thys en Linda Botha se kleindogter, Tessa Ferreira, is verkies as een van die onderhoofmeisies by Volkskool.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens: Nagmaal
Kleuterbediening
Bediening aan Gr 1 - 4: agterste saal
Jeugbyeenkoms is uitgestel na 19 Okt.
Tee en Koffie
Groepbediening

Dinsdag
06:00 Mannegroep in die Skuur
Geen Katkisasie Gr. 8 - 10

Woensdag
09:30 Bybelstudie
17:45 Bybelstudie: Naskoolse jongmense en studente
Geen Katkisasie Gr. 11

Vrydag
Skole sluit vir Oktober reses
12:00 Kinderfees voorbereiding van terrein

DANK AAN KATEGETE, KLEUTER- EN KINDEREREDIENS-BEGELEIERS

Baie dankie aan al ons kategete en al die lidmate wat betrokke is by die Kleuter- en Kindererediensbegeleiding elke Sondag. Ons dank die Here vir mooi gawes in die gemeente en ons weet dat Hy die Woordverkondiging op hierdie spesiale manier ook aan ons kinders se geloof sal seën.

AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Emeritusfonds.
- Diensbeurt: Groep 26 en 27.

KINDERFEES

Daar is vensterplakkate en pamflette op die tafel in die voorportaal van die Skuur. Neem asb. om ons te help adverteer.

JEUGKAMP: 31 OKT - 1 NOV
Bespreek jou plekkie nou!

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 28 September
Sr Willemien du Plessis
Sr Delene vd Walt *****

Maandag, 29 September
Sr Nadia Traut
Jsr Caitlyn vd Walt

Dinsdag, 30 September
Br Altus Blom
Sr Ingrid de Jong

Woensdag, 1 Oktober
Sr Chrissie vd Walt
Sr Ansa Venter
Br Frikkie Venter

Donderdag, 2 Oktober
Sr Johandi Ebersohn

Vrydag, 3 Oktober
Sr Annelize Badenhorst
Br Fanie v Zyl *****

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

Mooirivier Kersmark

KERSMARK 2025

Die Kersmarkkomitee is reeds hard aan die beplan om weer hierdie jaar die Kersmark aan te bied.

Ons het ons gemeente se hulp baie nodig om hiervan ‘n sukses te maak.

Bemarking: Ons benodig lidmate wat kontakte in besighede op buur-dorpe het om vir ons vensterplakkate daar af te gee. Kontak Yolandi Haasbroek by 083 628 7136.

Die Tafel: Marlise het susters nodig wat sal help om spesiale geregte voor te berei - kontak haar by 083 655 8145.

Restourant: Dit behels 2 dinge:

1. Ons benodig 2 dames wat kan help met leiding neem, deur onder andere te kyk dat die voorraad vir al die produkte deurlopend genoeg is en bestellings plaas, indien nodig.

2. Ons benodig dames en mans wat bereid is om ‘n stasie te beman vir ‘n uur of 2 per dag, asook om te help met die vroegoggend voorbereiding vir die dag. Daar is ‘n pannekoekstasie, vetkoek en maalvleis, “wraps” en hoenderslaai, roosterbroodjies, kerrie en rys en hoenderpasteie.

Ons waardeer regtig elkeen se hulp en tyd. Hierdie kan slegs ‘n sukses wees indien ons saam werk daaraan.

Kontak vir Alta v Zyl by 079 873 7922 indien julle hier betrokke kan raak.

Dekor: Mariska vd Walt benodig mense wat haar kan help met die maak van items (staal/hout), asook dames wat op die betrokke Saterdae voor die mark kan help met die ophang en uitpak van dekor-items. Kontak haar by: 078 101 6262.

ALMANAK-BESTELLINGS

Skryf asb. jou naam op die lys in die voorportaal om die 2026 Almanak te bestel teen R135 per boek. Dit is die GKSA se jaarboek met 365 dagstukkies en gemeentes se besonderhede. Die dagstukkies word deur die predikante uit die hele kerkverband geskryf.

DIE KERKBLAD

Beskikbaar in die voorportaal van die Skuur, vir lidmate wat daarop ingeteken is.

UITNODIGING VAN GK IKAGENG: GEBED-STAP OP 18 OKT 2025

Geref. Kerk Ikageng nooi lidmate om saam te kom stap met ‘n “Gebed-Stap” op 18 Okt. om 06:30 vanaf hulle kerkgebou. Die tema van die gebed is: om te bid vir kerke en geestelike groei. Na die stap word ‘n ontbyt aangebied. Kaartjies kos R100.00. Beskikbaar by ds. Piet.

GKSA NUUS

Beroepe ontvang

• Dr JA (Jannie) Erasmus van GK Odendaalsrus na GK Potch Die Bult as medeleraar.
• Dr HM (Heinrich) Zwemstra van GK Walvisbaai (Namibië) na GK Vaalpark.

DANKBAARHEIDSFEES

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee en koffie word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.

Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Ansie Jordaan en groep 3, Marietjie Riekert en groep 11, Mariana Plotz en groep 21, asook Anelle Venter en groep 29.

SUSTERS BYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig. Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

BLIKKIES-WARMHARTE (WARM-HARTE WERK WONDERS)

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in ‘n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

BAIE DANKIE

Baie dankie Nicolette Visser en die susters van blok D vir ‘n heerlike nagmaalete en kuier.

PROGRAM: KWARTAAL 4

VIERDE KWARTAAL				
DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
14 Okt	Dinsdag	18:00	Bestuur	Sustersbestuursvergadering
18 Okt	Saterdag	16:00	Diakonie	Dankbaarheidsfees
24 Okt	Vrydag	17:00-18:00	C	Wegneemetes (Jeug afsluiting)
28 Okt	Dinsdag	18:30	C en D	Potch-Oos Sustersafsluiting
5 Nov	Woensdag	10:00	Bestuur	Seniorlidmate: Afsluiting
16 Nov	Sondag	12:00	B	Nagmaalete
20 Nov - 29 Nov	Don - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 082 779 1237 (Let wel: Pastorie het nie meer 'n landlyn nie!)
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: **Adele – 067 713 2332 - nuwe nommer!**/ kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch